Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2018

MUSIEK V2

PUNTE: **30** **NAAM:** _____

TYD: **1½ uur** **GRAAD:** _____

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A (Gehoor) (10)
   AFDELING B (Herkenning) (12)
   AFDELING C (Vormontleding) (8)

2. VRAAG 1, VRAAG 2, VRAAG 3 en VRAAG 7 is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord VRAAG 4 (WESTERSE KUNSMUSIEK – WKM) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (Inheemse Afrika-Musiek – IAM).

4. Kandidate moet hul antwoorde op hierdie vraestel skryf. Gebruik ŉ potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.

5. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl kandidate na ŉ CD luister.

6. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die opsiener afneem.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.

8. Kandidate mag NIE toegang tot enige musiekinstrument vir die duur van hierdie eksamen kry NIE.

9. Skryf netjies en leesbaar.

INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in die raampies.

2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die vereiste getal kere, soos in die vraestel gespesifiseer, gespeel word.

3. Laat genoeg tyd tussen die snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.

4. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.

5. Indien meer as een baan (WKM, JAZZ, IAM) deur ŉ skool aangebied word, moet die volgende riglyne gevolg word:
   - Elke baan moet die eksamen in ŉ aparte lokaal skryf.
   - Elke lokaal moet met geskikte klanktoerusting toegerus wees.
   - Elke lokaal moet sy eie CD met die musiekuittreksels (snitte) gebruik.
   - ŉ Toesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.
   - Die musiekuittreksels (snitte) moet soos volg gespeel word:
     - WKM-kandidate: Snit 1 tot 17 en Snit 34 tot 36.
     - JAZZ-kandidate: Snit 1 tot 11; Snit 18 tot 25 en Snit 34 tot 36.
     - IAM-kandidate: Snit 1 tot 11 en Snit 26 tot 36.

6. ŉ CD-speler wat met batterye werk, moet beskikbaar wees in geval van ŉ kragonderbreking.

Kopiereg voorbehou

NASIENGIDS

AFDELING A: GEHOOR	TOTAAL	NASIENER	MODERATOR
VRAAG 1 (VERPLIGTEND)	4		
VRAAG 2 (VERPLIGTEND)	6		
SUBTOTAAL	**10**		

AFDELING B: HERKENNING	TOTAAL	NASIENER	MODERATOR
VRAAG 3 (VERPLIGTEND)	4		
EN			
VRAAG 4 (WKM)	8		
OF			
VRAAG 5 (JAZZ)	8		
OF			
VRAAG 6 (IAM)	8		
SUBTOTAAL	**12**		

AFDELING C: VORM	TOTAAL	NASIENER	MODERATOR
VRAAG 7 (VERPLIGTEND)	8		
SUBTOTAAL	**8**		

GROOTTOTAAL	**30**		

AFDELING A: GEHOOR

VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

Speel **Snit 1** TWEE keer na mekaar.

1.1 Identifiseer die tydmaatteken vir hierdie uittreksel. Maak ’n kruisie (X) in die toepaslike blokkie hieronder.

1.1.1  ☐

1.1.2  ☐

1.1.3  ☐

(1)

Speel **Snit 2** DRIE keer. Wag 30 sekondes tussen elke herhaling.

1.2 Luister na die melodiese en ritmiese frase. Noteer die ritme van die ontbrekende note in maat 3 en 4 op die notebalk hieronder.

(3)
[4]

VRAAG 2 (VERPLIGTEND)

Speel **Snit 3** EEN keer om 'n algemene oorsig te gee.

Luister na die melodie uit *Lieder ohne worte*, Op. 62 no. 1 deur F. Mendelssohn en beantwoord dan die vrae wat volg.



2.1 Noem die hooftoonsoort van hierdie uittreksel.

_____ (1)

Speel **Snit 4** EEN keer.

2.2 Identifiseer die nie-harmoniese noot by **2.2**.

_____ (1)

Speel **Snit 5** DRIE keer. Wag 30 sekondes tussen elke herhaling.

2.3 Luister vanaf maat 4^3 en vul die ontbrekende note by **2.3** op die partituur in. (3)

2.4 Op watter polsslag begin hierdie uittreksel?

_____ (1)

Speel **Snit 6** EEN keer.

2.5 Watter EEN van die volgende ornamente word in hierdie uittreksel gebruik? Maak ŉ kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Triller	Appoggiatura	Mordent

(1)

Speel **Snit 7** EEN keer.

2.6 Benoem die kadens en akkoorde wat aan die einde van hierdie uittreksel gebruik word.

_____ (2)

2.7 Omkring ŉ melodiese interval van ŉ verminderde vyfde op die partituur. (1)

2.8 Gee EEN term wat die vrye gebruik van tempo beskryf wanneer hierdie stuk gespeel word.

_____ (1)

2.9 Gedurende watter stylperiode was hierdie stuk gekomponeer?

_____ (1)

(12 ÷ 2) **[6]**

TOTAAL AFDELING A: 10

AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIKALE KONSEPTE

VRAAG 3: ALGEMENE BELUISTERING (VERPLIGTEND)

Merk DRIE items in KOLOM A in VRAE 3.1-3.4 wat met die musiek wat jy hoor verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

3.1 Speel **Snit 8** TWEE keer.

KOLOM A	Snit 8
Klarinet en fagot	
Saamgestelde tweeslagmaat	
Engelse horing en fagot	
Enkelvoudige vierslagmaat	
Barok-periode	
Klassieke periode	

(3)

3.2 Speel **Snit 9** TWEE keer.

KOLOM A	Snit 9
Idiofoon, elektrofoon en aërofoon	
Poliritme	
Idiofoon, membranofoon en aërofoon	
Kruisritmes	
Parallelle intervalle	
Onreëlmatige tyd	

(3)

3.3 Speel **Snit 10** TWEE keer.

KOLOM A	Snit 10
Adagio sostenuto	
Pedaalpunt	
Konstante dinamiek	
Poco a poco crescendo	
Grondbas	
Allegro moderato	

(3)

3.4 Speel **Snit 11** TWEE keer.

KOLOM A	Snit 11
Arpeggio's in klavierparty	
Mineur tonaliteit	
Majeur tonaliteit	
Fuga	
Jazz-trio	
Klassieke kamermusiek	

(3)

(12 ÷ 3) **[4]**

Beantwoord VRAAG 4 (WKM) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (IAM).

VRAAG 4: WKM

4.1 Speel **Snit 12** TWEE keer.

4.1.1 Watter EEN van die volgende illustreer die korrekte ritme van die tema wat jy hoor? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

(a) 

(b) 

(c) 

(1)

Speel **Snit 12** nog EEN keer.

4.1.2 Is die tonaliteit van hierdie uittreksel majeur of mineur?

_____ (1)

Speel **Snit 13** TWEE keer.

4.1.3 Wat het die eerste drie openingsakkoorde in gemeen met die tonikatoonsoort van hierdie uittreksel?

_____

_____ (1)

Speel **Snit 14 en 15** TWEE keer opeenvolgend.

4.1.4 Vergelyk die tema in **Snit 14** en **15** met betrekking tot artikulasie en komposisietegnieke wat gebruik word. Noem EEN verskil in artikulasie, EEN verskil in komposisietegnieke en EEN ooreenstemming in komposisietegnieke.

	SNIT 14	**SNIT 15**
Artikulasie		
Komposisie-tegnieke		

(3)

4.2 Speel **Snit 16** TWEE keer.

4.2.1 Identifiseer die karakters en stemtipes wat in hierdie uittreksel sing.

Karakter 1: _____

Karakter 2: _____ (2)

4.2.2 Aan watter subgenre van operamusiek behoort hierdie uittreksel?

_____ (1)

4.2.3 Noem die titel van die opera en die komponis.

_____ (2)

4.3 Speel **Snit 17** TWEE keer.

4.3.1 Beskryf hierdie werk met betrekking tot instrumentasie, genre en stylperiode.

Instrumentasie: _____

Genre: _____

Stylperiode: _____ (3)

Speel **Snit 17** nog EEN keer.

4.3.2 Identifiseer die tekstuur wat in hierdie uittreksel gebruik word.

_____ (1)

4.3.3 Voorsien hierdie uittreksel van ŉ gepaste titel.

_____ (1)

(16 ÷ 2) **[8]**

OF

VRAAG 5: JAZZ

5.1 Speel **Snit 18** EEN keer.

5.1.1 Noem die kunstenaar wat in hierdie uittreksel optree.

_____ (1)

Speel **Snit 19** EEN keer.

5.1.2 Identifiseer die kordofooninstrument wat aan die begin van hierdie uittreksel speel.

_____ (1)

Speel **Snit 20** TWEE keer.

5.1.3 Lewer kommentaar oor die gebruik van harmoniese akkoordprogressie in hierdie werk.

_____

_____ (2)

5.1.4 Voorsien hierdie uittreksel van ŉ gepaste titel.

_____ (1)

5.2 Speel **Snit 21** TWEE keer.

5.2.1 Kies die korrekte kombinasie van instrumente wat in hierdie uittreksel gebruik word. Maak ŉ kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Trompet Klavier Tromboon Kontrabas Altsaksofoon Tromstel	Trompet Klavier Euphonium Kontrabas Tenoorsaksofoon Tromstel	Trompet Klavier Tromboon Tjello Altsaksofoon Tromstel

(1)

Speel **Snit 22** TWEE keer.

5.2.2 Noem TWEE ritmiese toestelle wat op die perkussie-instrument/slaginstrument gebruik word.

_____ (2)

5.2.3 Gee EEN term vir die melodiese materiaal wat op die solo-instrumente geskep word.

_____ (1)

Speel **Snit 22** nog EEN keer.

5.2.4 Met watter groep assosieer jy hierdie uittreksel?

_____ (1)

5.3 Speel **Snit 23 en 24** TWEE keer opeenvolgend.

5.3.1 Luister na **Snit 23** en **24** en kies TWEE korrekte eienskappe wat met die uittreksel wat jy hoor verband hou. Maak 'n kruisie (X) langs TWEE eienskappe.

SNIT 23	
Pedaalpunt	
Teenmelodieë	
Monofoniese tekstuur	
Melodie word in unisoon gespeel	
Adagio	

SNIT 24	
Eenvoudige melodieë	
Polifoniese tekstuur	
Andante	
Reguit agstenoot-ritmes	
Lopende baslyn ('walking bass line')	

(4)

Speel **Snit 25** TWEE keer.

5.3.2 Met watter kunstenaar en jazz-styl assosieer jy hierdie uittreksel?

Kunstenaar: _____

Jazz-styl: _____ (2)

(16 ÷ 2) **[8]**

OF

VRAAG 6: IAM

6.1 Speel **Snit 26** TWEE keer.

6.1.1 Beskryf die musiek met betrekking tot genre, instrumentasie en kunstenaar/groep.

Genre: _____

Instrumentasie: _____

Kunstenaar/Groep: _____ (3)

Speel **Snit 27** EEN keer.

6.1.2 Identifiseer TWEE stemtegnieke wat as ornamentasie in hierdie uittreksel gebruik word.

_____ (2)

Speel **Snit 28** EEN keer.

6.1.3 Watter tipiese eienskap van Afrika-musiek word hoofsaaklik tussen die stemme gebruik? Maak ’n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Ostinato	Polifoniese tekstuur	Roep-en-antwoord

(1)

6.2 Speel **Snit 29** EEN keer.

6.2.1 Noem die Suid-Afrikaanse styl wat met hierdie uittreksel geassosieer word.

_____ (1)

6.2.2 Met watter Afrika-stam assosieer jy hierdie musiek?

_____ (1)

Speel **Snit 29** nog EEN keer.

6.2.3 Gee ’n term vir die instrumentale inleiding wat in hierdie musiekstyl gebruik word.

_____ (1)

6.2.4 Noem EEN ander Suid-Afrikaanse styl waarin die konsertina hoofsaaklik gebruik word.

_____ (1)

6.3 Speel **Snit 30** TWEE keer.

6.3.1 Noem die houtblaasinstrument wat in hierdie uittreksel gebruik word.

_____ (1)

6.3.2 Watter ander tipiese Afrika-instrument word deur die instrument in VRAAG 6.3.1 genoem, nageboots?

_____ (1)

Speel **Snit 31** EEN keer.

6.3.3 Noem EEN eienskap van Marabi-musiek wat in hierdie uittreksel gehoor word.

_____ (1)

Speel **Snit 32** TWEE keer.

6.3.4 Lewer kommentaar op die ritmes wat in die twee begeleidende kitaarpartye (laer kitaar- en hoër kitaarpartye) gebruik word.

Laer kitaarparty: _____

Hoër kitaarparty: _____ (2)

Speel **Snit 33** EEN keer.

6.3.5 Noem die groep wat in hierdie uittreksel optree.

_____ (1)

(16 ÷ 2) **[8]**

TOTAAL AFDELING B: 12

AFDELING C: VORMONTLEDING

VRAAG 7 (VERPLIGTEND)



Speel **Snit 34** EEN keer om 'n algemene oorsig te gee.

Speel **Snit 34** nog EEN keer.

7.1 Watter tipe ensemble word in hierdie werk gebruik?

_____ (1)

7.2 Identifiseer die vorm van hierdie werk.

_____ (1)

7.3 Dui die afdelings van die vorm genoem in VRAAG 7.2 aan deur HOOFLETTERS op die partituur te gebruik. (3)

Speel **Snit 35** TWEE keer.

7.4 Luister na die tematiese materiaal wat in maat 0^3 – 4^2 gebruik word. Noem EEN ooreenkoms en EEN verskil in die gebruik van die tematiese materiaal.

Ooreenkoms: _____

_____

Verskil: _____

_____ (2)

Speel **Snit 36** TWEE keer.

7.5 Luister na maat 16^3 – 24 en noem die toonsoort en kadens wat aan die einde van die uittreksel voorkom.

_____ (1)

TOTAAL AFDELING C: 8
GROOTTOTAAL: 30

Kopiereg voorbehou

ROFWERK:

Kopiereg voorbehou